Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 101: 1 & 2

1

'k Wil in my lied van reg en goedheid sing

en U daarvoor my hoogste hulde bring.

Opregtheid sal ek, HEER, bo alles ag,

en U verwag.

2

My wandel, waar ek in my huis verkeer,

was in opregtheid, om U reg te eer;

my strewe altyd hoog, bedagsaam, reg,

van laagheid weg.

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Johannes 1: 1-5; 14-18

1 IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

[2]Hy was in die begin by God.

[3]Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

[4]In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.

[5]En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

[14]En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

[15]JOHANNES getuig van Hom en roep en sê: Dit was Hy van wie ek gesê het: Hy wat ná my kom, het voor my geword, want Hy was eerder as ek.

[16]En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade.

[17]Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

[18]Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het *Hom* verklaar.

Sondag 12

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad

en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

Fokus: Johannes 1:18

[18]Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het *Hom* verklaar.

'n Baie belangrike vraag wat ons moet kan beantwoord is, "Hoe kan ek God ken?" Verskeie mense sou verskillende menings hê oor hoe 'n mens God ken. Party sou dalk sê deur drome of dat die Here persoonlik aan hulle openbaar het. Ander meen weer jy kan nie God ken nie, ons kry maar net 'n naastenby idee oor God.

Die amp van Christus as ons hoogste Profeet en Leraar soos Hy geopenbaar word deur sy Woord en wat ons oor Hom bely, behoort vir ons 'n troosvolle antwoorde te gee. Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het

Ons het verlede week na die salwing van Christus gekyk het wat ons moet verstaan onder die titel Messias van Jesus. Ons gaan nou kortliks stil staan rondom die

drievoudige amp, of oor die drie dele van die amp van die middelaar waaraan Christus gesalf is.

Uiteindelik openbaar Jesus Christus God aan ons (Johannes 1:18). Wat sy wese betref, is God onsienlik (1 Tim. 1:17; Heb. 11:27). Die mens kan God in die natuur geopenbaar sien (Ps. 19: 1-6; Rom. 1:20) en in sy magtige werke; maar hy kan God nie self sien nie.

Ons moe versigtig wees as ons sê nog niemand het God ooit gesien nie. Veral in die lig van gedeeltes in die Ou-Testament wat aantoon dat God aan verskillende mense verskyn (insluitend Abram, Isak, Jakob, Moses, Josua, Samuel en Dawid, om net 'n handjievol te noem). In Exodus 33:19-20 beskryf dat toe Moses gevra het om die heerlikheid van God te sien, aan hom gesê is: "*Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.*" Die rede waarom Moses nie die aangesig van God kon sien nie, was omdat dit dodelik sou wees. Die stelling in Joh. 1:18: "*Niemand het ooit God gesien nie*", en die ander Skrifgedeeltes wat praat van God se "onsienlikheid (bv. Kol. 1:15; 1 Tim. 1:17; 6:16 ; Hebreërs 11:27) kan waarskynlik die beste verstaan word dat niemand God kan sien as God nie besluit om homself te openbaar nie, en dat hy mense sodanig beskerm dat die aanskouing van hom nie dodelik is nie.

Die woord Seun word vir die eerste keer in Johannes evangelie as titel vir Jesus Christus gebruik (Johannes 1:18). Die uitdrukking "eniggebore" beteken "uniek, die enigste in sy soort." Dit dui nie daarop dat die Seun nie van te vore "was" nie, en dat die

Vader Hom later eers tot stand gebring het nie. Jesus Christus is die ewige God; Hy het nog altyd bestaan. Hierdie vers praat van Jesus as “God die Een en enigste” en weerspieël die openingsparagraaf in 1:1-4, wat sê “*die Woord was God*”.

“Wat in die boesem van die Vader is” Die Griekse woord “kolpos” beteken ’n “boesem” of “skoot” van 'n persoon en word gebruik by mans en vrouens in verhouding tot die liefde, versorging en beskerming van ’n ouer vir ’n kind. Kolpos word weer in Joh. 13:23 gebruik om te verduidelik hoe die geliefde dissipel “langs hom” uit te beeld. Die woorde “in die boesem van die Vader” beteken dat die Seun in die naaste verhouding met die Vader is. Dit beklemtoon dan die intieme verhouding wat Jesus met die Vader gehad het, en weerspieël die beskrywing van die Woord in die eerste paragraaf van die proloog as “*die Woord was by God*”. Jesus kan Hom bekend maak Hy ’n intieme verhouding met Hom het en omdat Hy die enigste een wat God nog ooit gesien het. God het Homself aan baie geopenbaar in die Ou-Testament, maar Christus is die enigste een wat God in sy volheid gesien het.

Jesus Christus openbaar God aan ons, want Hy is “*die beeld van die onsienlike God*” (Kol. 1:15) en “Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese” (Heb. 1:3). Die woord vertaal “verklaar” in 1:18 beteken “om te verklaar, te ontvou, om die weg te lei.” Jesus Christus verduidelik God aan ons en interpreteer Hom vir ons ten volle. Ons kan God ken nie anders as deur sy Seun, Jesus Christus, wat Hom ten volle aan ons bekendmaak nie.

Christus is die grootste en belangrikste Profeet, en is deur God ingestel en deur hom gestuur vanaf die begin af met die doel om die wil van God aan die mens te openbaar; deur die bediening van die woord en die sakramente in te stel, en homself in die vlees te manifesteer en deur sy goddelike lering en werke te bewys dat Hy die ewige en wesenlike Seun van die Vader is. Hy die onderwerp van die leer van die evangelie, deur die Heilige Gees gegee. Hy wek die geloof in die harte van mense deur sy Gees. Hy het apostels gestuur om vir Homself ’n kerk te versamel uit die menslike geslagte waarin Hy gehoorsaam aangeroep en aanbid kan word.

As profeet ***leer*** Christus ons dat ons ewige redding en verlossing ***by Hom alleen*** kan vind omdat Hy aan die kruis vir ons sondes betaal het en ons met God versoen het. Wie in Hom glo, het nou al die ewige lewe (Joh. 3:36). Ons kan dus sê dat ***Jesus Christus self*** die inhoud van sy profetiese onderrig is. Hy sê trouens self: "Ek is *die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My* nie" (Joh. 14:6).

Om die geheel in enkele woorde op te som, bestaan die profetiese amp van Christus uit drie dele: Om die wil van die Vader te openbaar; om 'n bediening in te stel, en om intern, of effektief deur die bediening te onderrig. Hierdie drie dinge wat Christus gedoen het vanaf die begin van die kerk, en tot die voleinding van die wêreld, en dit deur sy gesag, krag en mag.

Die roeping wat daardeur op ons gelê word, is dat ons ons ***deur Hom moet LAAT leer.*** Dit is ook wat Hy bedoel het toe Hy gesê het: *"Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en LEER VAN MY*…" (Matt. 11:28-

29, 1953-vertaling). Daarom moet ons die woord van God lees en bestudeer en na die prediking daarvan luister, want daardeur leer Hy ons en leer ons van Hom.

Amen

Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 2: 1 & 6

1

Wat dring en dryf die wilde heidendom,

dat volke raas in opgewondenheid?

Gedugte konings staan gereed alom,

en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd,

om God almagtig na die kroon te steek

en saam teen sy Gesalfde op te staan.

Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek

en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

6

Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd

met blydskap wat Hom huldig as die HEER,

en kus die Seun in onderworpenheid,

buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.

Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer

net soos 'n vuur, eers alte klein geag.

Welsalig wie Hom huldig as hul HEER,

wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Seën